God roep en rus ons toe deur die Heilige Gees om Sy dienswerk te doen

Inleiding:

Ons leef in ’n land wat roem in sy diversiteit. Hierdie diversiteit plaas ons as christene egter in ongemaklike posisies. Soms word ons geloof direk aangeval, selfs in die gesprekke waarin ons onsself bevind. Die menslike instink is om in jou dop in te kruip en die konflik te vermei. Dit is egter hier waar die kragtige werking van die Heilige Gees duidelik na vore kom.

In die Gereformeerde kerk is ons skrikkerig om te veel te fokus op die Gees te plaas. Ons kan egter nie die werk van die Heilige Gees miskyk nie.

God roep ons en rus ons toe deur die Heilige Gees om Sy dienswerk te doen.

1. God roep ons deur die Heilige Gees

Die perikoop begin met die vertrekking van Paulus op sy eerste sendingreis. As ons egter terugkyk na ’n paar hoofstukke vroeër in Handelinge weet ons Paulus het die gelowiges vervolg. Hy het in stryd opgetree met die wil van God. Op ’n wonderbaarlike wyse kom Paulus dan tot bekering. Hierdie bekering is nie ’n besluit wat die mens maak nie. Dit is slegs moontlik deur die wonderlike werke van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees werk aktief in Paulus om sy hart te verander. In die Kategismus bely ons dat ons geneig is tot alles kwaad. As die besluit dus van ons afgehang het, sou ons nooit die Gees gekies het nie. Daarom kan en moet ons dankbaar wees dat die Gees in ons werk.

In Hand. 13 sien ons ook duidelik dat dit die Heilige Gees is wat Paulus en Barnabas stuur. Hier is dus geen sprake van toeval of per ongeluk nie. Hier is duidelike beheer. Niks hier is bloot toeval nie. Ons lees in die eerste paar verse hoe Paulus en Barnabas se roete geloop het. Sommige van hierdie geografiese inligting kan dalk met eerste oogopslag oorbodig lyk, maar as ons stilstaan en kyk sien ons hoe die Gees vir Paulus en Barnabas stuur – selfs lei – tot hulle by Bar-Jesus kom.

Die Gees het gestuur en gelei tot Paulus hulle uitgekom het waar God hulle wil gebruik in Sy diens.

Die Heilige Gees se werk stop egter nie net by die sending nie.

2. Die Heilige Gees maak ons bekwaam om ons dienswerk te doen.

Die perikoop verloop bykans soos ’n drama. Die agtergrond word geskep en dan begin die spanning bou... Paulus word gekonfronteer met iemand wat sy geloof

bevraagteken en selfs aanval. Bar-Jesus, die towenaar en valse profeet is ‘n struikelblok in die werke van Paulus. Hierdie towenaar se naam beteken seun van Jesus. Hierin sien ons hoe ironies hierdie naam is. Hierdie skynbare seun van Jesus, verdraai die waarheid. Sy naam dra gesag en maak sy boodskappe geloofwaardig. Dit is egter nie die waarheid nie. Hierdie man is vals. Hierdie man verkondig die leuen. Hierdie man is ’n uitdaging vir Paulus.

Paulus kruip egter nie terug in sy dop in nie. Nee, Paulus – vervul met die Heilige Gees – het ’n duidelike antwoord aan hierdie ongelowige. Die enigste ander plek waar hierdie frase van “vervul met die Heilige Gees” in die Bybel voorkom, is vroeër in die boek Handelinge wanneer Petrus beskryf word. Die Heilige Gees lê die woorde in Paulus se mond om die waarheid te verdedig. Hiermee sê ons nie dat die Heilige Gees aan Paulus gedikteer het wat om te sê nie. Die Gees lei sy denke en lei sy woorde sodat die waarheid na vore kom. Hierdie prediking van Paulus roep die goewerneur op om tot bekering kom, maar nie direk nie. Ons lees nie in hierdie gedeelte dat Paulus met die goewerneur praat nie. Die goewerneur het die gesprek met die towenaar gehoor. Deur hierdie boodskap het die goewerneur tot bekering gekom. Vers 10 stel dit aan ons dat hy het geglo – geloof wat net deur die Heilige Gees opgewek kan word.

Geliefdes dit is egter nie altyd so maklik nie. Ons leef in ’n prestasie gedrewe wêreld. Ons wil resultate sien. Wanneer ons met mense praat oor die evangelie wil ons hê hulle moet glo. Ons wil kan sien dit wat ons gedoen het werk.

Hoe selfsugtig is dit nie? Dit is nie ons wat die geloof bring nie. Dit is nie ons wat die bekering bewerk nie. Ons is die instrumente in die hand van God. Ons is die gebroke instrumente in ’n volmaakte plan.

Ons hou nie van sukkel nie. Ons wil opgee as ons nie resultate kry nie. As ’n mens herhaaldelik misluk vat ons selfbeeld ’n knak. Dit is moeilik om weer te probeer. Ons word soms selfs bang om weer te probeer.

Geliefdes ons is almal gedoop. Hierin het elkeen van ons die belofte ontvang dat die Heilige Gees by ons sal wees. Daarom hoef ons nie bang te wees vir die roeping nie.

3. Moenie die roeping van die Heilige Gees vrees nie

Geliefdes, hoe moet ons nou optree? Paulus is nie die fokus van hierdie gedagte nie. Paulus was ’n gewone mens. Hy was ’n mens soos ek en jy. Daarom kan ons ook met oorgawe en vrymoedigheid die woord verkondig. Ons hoef nie roeping te vrees nie. Die Gees rus ons ook toe om in gesprekke te tree. Ons gaan dalk nie altyd die vrug onmiddellik sien nie, maar dit beteken nie dat die Gees nie werk nie. Die bekering kom ook op ’n tyd wat God bewillig.

Ons het vroeër bely dat die Gees van die Vader en die Seun uitgaan en saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik.

Die Heilige Gees is dus nie ’n magiese krag of mistieke mag nie. Die Heilige Gees is God. Hy is almagtig. Daarom moet ons ook bid tot die Heilige Gees. Na die groot sendingopdrag in Matt. 28 maak Jesus dit duidelik dat Hy by ons sal wees tot die voleinding van die wêreld. Nou kan ons dalk vra – maar Jesus het opgevaar? Hy gee die Heilige Gees as trooster om ons te roep en te lei. Luk. 11:13 stel dit so mooi wanneer hy skryf:

As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die Hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?

Ons weet dus ons kan vra vir die Heilige Gees. Ons weet die Gees roep en rus toe. Daarom kan ons met vrymoedigheid ons dienswerk doen waartoe God ons geroep het.

Ons is vandag saam hier in die erediens. Dit is nie toeval nie. Die Gees het jou geroep om vanoggend hier te wees.

<u>Slot:</u>

Ons kan nie die roeping van God weerstaan nie. Die Gees troos ons, roep ons en maak ons bekwaam om die Woord te verkondig met ’n opgewondenheid oor die koms van Christus. Die Heilige Gees is by ons. Ons is nie alleen nie. Daarom kan ons steeds sê – Immanuel – God met ons